# DIE GROOT ONDERNEMING EN DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR

Die groot sakeonderneming neem vandag 'n besonder belangrike posisie in met betrekking tot die sosio-ekonomiese omgewing waarin ons ons bevind, en alle aanduidings is daar dat dit in die toekoms nog belangriker gaan word. Sommige nyweraars is alreeds die mening toegedaan dat daar binne 50 jaar 'n posisie sal ontwikkel waarin 700 groot sakeondernemings die wêreld se ekonomie beheer, en dr. Albert Wessels het die voorspelling gewaag dat teen die einde van die eeu, 80% van alle besighede in die Republiek van Suid-Afrika, deur minder as vyf groot sakeondernemings beheer sal word. Hierdie soort voorspelling mag onaanvaarbaar voorkom, maar as daar gelet word op die groot aantal oornames en samestellings wat daar in die afgelope twee jaar voorgekom het, en daar word nagedink oor die opkoms van groot groepe sakeondernemings in Suid-Afrika, dan sal die voorspellings nie ver verkeerd wees nie. Die ekonomiese voordele wat verkry word deur klein sakeondernemings saam te voeg, administrasie, verkope en finansiering te sentraliseer, en produkte te rasionaliseer, dien as 'n uiters belangrike aansporing vir die skepping van die groot onderneming. Ons moet dus realisties wees en aanvaar dat die groot sakeondernemings in getalle vinnig groei en dat daar weer onderling 'n proses van samesnoering en samestelling plaasvind wat daarop uitloop dat daar voortdurend groter ondernemings geskep word.

Ek het aan die begin die stelling gemaak dat die groot sakeonderneming 'n belangrike invloed op die sosio-ekonomiese omgewing het, en in hierdie verband is dit nodig om oor enkele aspekte verder uit te brei. Die soeklig moet eers op die groot sakeonderneming geplaas word om sodoende perspektief te kry in verband met die rol wat dit in die omgewing speel.

Die ontwikkeling van die groot onderneming is een van die opvallende kenmerke van die proses van industrialisasie wat in die afgelope 30 jaar so snel in Suid-Afrika plaasgevind het. Die groot onderneming het sy ontstaan te danke aan die verskynsel van nywerheidskonsentrasie. Daar vind verskuiwings in bevolkingskonsentrasie plaas. Ekonomiese toestande

soos depressies, resessies, droogte, e.d.m. bring met tye mee dat hierdie proses versnel en dat werksgeleenthede in die stede met hul handels- en nywerheidskonsentrasies gesoek word. Selfs vandag, in die onderneming waaraan ek verbonde is, is dit nie ongewoon om applikante van plattelandse gebiede wat boerderye moes laat vaar het, in diens te neem nie. Hierdie verskuiwings van bevolking en die mobiliteit van arbeid wat dit behels, gaan vir die individu gepaard met besonder moeilike aanpassingsprobleme van tweërlei aard, naamlik:

1. Aanpassing aan 'n omgewing wat kultureel en sosiologies heterogeen is, en groot verskil van die mate van homogeniteit wat in plattelandse gebiede aangetref word. In ons ondervinding het dit moeilike aanpassingsprobleme veroorsaak wat die individu as werknemer totaal ontwrig en sy bruikbaarheid benadeel;

2. Aanpassing aan 'n bedryfsonderneming waar werksmetodes besonder gedifferensieerd en gespesialiseerd is, en waar nuwe vaardighede aangeleer moet word. Daarbenewens vul die aanpassing aan die werksgroep, met al die sosiale vereistes daaraan verbonde, hom met 'n gevoel van afhanklikheid en minderwaardigheid.

Hierdie is egter probleme van 'n meer algemene aard wat tipies is van die proses van industrialisasie en die ontwikkeling van die ekonomie. Dit tref natuurlik die Afrikaner-werknemer veral, en daar sal later weer hierna verwys word.

Dit is nie nodig om die voor- en nadele van die groot sakeonderneming te bespreek nie en ons moet dit aanvaar as 'n suiwer ekonomiese verskynsel. Die groot korporasie kan òf aan die Staat òf aan privaat inisiatief behoort en die ontwikkeling van hierdie groot ondernemings het veral die volgende belangrike kenmerke, naamlik:

eerstens: hulle bied interessante probleme in menslike verhoudings in industrie aan — probleme waarin effektiewe leierskap versoen moet word met die uiters onpersoonlike karakter van die groot onderneming;

tweedens: hulle speel 'n baie belangrike rol in die industriële lewe van die land, 'n rol wat heeltemal buite ver-

houding is met die getal mense wat hulle in diens het. Hierdie groot ondernemings aanvaar tegnologiese leierskap en weens hulle kapitaalkrag doen hulle veel op die gebied van navorsing en ontwikkeling deur die skepping van nuwe produkte, nuwe produksiemetodes, en dergelike meer;

derdens: hierdie ondernemings stel die sosiale patroon vir die nywerheidswese vas en bepaal nuwe rigtings in nywerheidsverhoudings, en skep die sielkundige klimaat vir werkgewer/werknemer-verhoudings.

Die groot ondernemings het organisasietegnieke ver ontwikkel, sodat die groot diversifikasie van aktiwiteite wat verrig word, saamgesnoer word om die ekonomiese doelwitte van die onderneming doeltreffend te bereik. Die taak is dus een waarin daar aandag gegee moet word aan die verdeling, onderverdeling en indeling van menslike arbeid, en aan die vereistes van arbeidspesialisasie wat daarmee gepaard gaan. Hierdie indeling word gewoonlik diagrammaties uitgebeeld deur 'n organisasiekaart wat 'n uiteensetting gee van die funksionele indeling van die take wat in die onderneming uitgevoer word. Dit dui ook die kommunikasielyne aan, die vlakke van outoriteit wat die bekleërs van die verskillende poste dra en wat hul verantwoordelikhede is. Dit staan bekend as die formele organisasie.

Gepaard hiermee bestaan daar ook 'n informele organisasie wat heel natuurlik ontwikkel weens die feit dat die mens 'n groepswese is. Hy het sosiale drange wat bepaal dat hy lid van 'n groep moet wees om erkenning en aanvaarding te kan geniet. As gevolg van die verhoudings wat die individu uit die aard van sy werksaamhede met ander medewerknemers het, ontstaan hierdie informele sosiale groepe. Soos met alle groepe die geval is, ontwikkel daar nuwe waardes en norme van gedrag wat verband hou met die werk wat verrig word. Gewoonlik bestaan daar in sulke groepe 'n duidelike norm aangaande wat as „'n dag se werk" gereken word, en lede van die groep sal volgens hierdie norm werk, nieteenstaande die feit dat daar deur middel van werkstudie presies vasgestel kan word hoeveel gewerk moet word. Die groepsnorm is gewoonlik laer, en daar word dus aansporingslone betaal om die peil van produksie te verhoog. Omdat hierdie groepe met hul waardes en norme die lede saamsnoer, het dit vir die individu 'n belangrike betekenis omdat dit hom 'n gevoel

van sosiale sekuriteit gee en ook belangrik is in die vorming van sy houdings. Indien dit in gedagte gehou word dat die moderne groot sakeonderneming die neiging het om onpersoonlik te wees, verrig hierdie informele sosiale organisasie die uiters belangrike funksie om mense saam te snoer.

Deur middel van die informele organisasie word die patroon van interpersoonlike verhoudings bepaal, die status-simbole in die onderneming vasgestel, die groepsvorming gereguleer, en die norme van gedrag en van produksie vasgestel. Die formele organisasie gee dan 'n logiese en objektiewe uiteensetting van die take wat uitgevoer moet word, terwyl die informele organisasie die menslike en gedragsinhoud daarvan verskaf. Die feite van die saak is eenvoudig dat die sakeonderneming nie slegs 'n ekonomiese funksie verrig nie, maar ook 'n sosiale een, en ten einde die gedragspatrone wat binne die onderneming geopenbaar word te verstaan, moet insig in die sosiale struktuur verkry word.

Dit moet in gedagte gehou word dat die werkende mens minstens agt uur per dag in die sakeonderneming deurbring, en gevolglik kan dit aanvaar word dat wat hy by sy werk belewe, 'n belangrike vormende invloed op hom het. Die houdings wat in die sakeonderneming gehuldig word, sal met die verloop van tyd sy eie word, want dit moet so wees indien hy wil hoort en deur sy medewerkers aanvaar word. In 'n mate kan hierdie verskynsel ook die resultaat van nabootsing wees waarin daar gepoog word om die houdings en gedragspatrone van 'n meerdere te aanvaar en aan te kweek. Weer eens beklemtoon dit die vormende invloed van die sakeonderneming.

In die groot onderneming is daar ook gewoonlik 'n hele verskeidenheid bykomende dienste wat vir die personeel verrig word wat spesifiek te doen het met aktiwiteite buite die werk. Hier word verwys na ontspanningsfasiliteite, behuising, sportklubs, en dergelike meer, wat almal daartoe bydra om die individu nog meer aan die onderneming te bind en die vormende invloed te versterk.

As mens nadink oor die vormende invloed wat die groot onderneming het, kan dit aanvaar word dat daar in die Afrikaner-beheerde ondernemings in groter mate gepoog sal word om die Afrikaner-identiteit en karakter te behou as wat dit die geval sou wees in ondernemings wat deur anderstaliges

beheer word. Dit is nie 'n ongewone verskynsel dat in Engelssprekende ondernemings die Engelssprekende homself as Engelssprekende handhaaf en dat Afrikaans feitlik uitgesluit word nie.

Nou moet daar ook ingesien word dat in die handhawing van die Afrikaanse volkskultuur die groot onderneming ook 'n beperkte bydrae kan maak. Die breë spektrum van volkskultuur behels aktiwiteite wat heeltemal buite die bestek van die groot onderneming val, en daar bestaan verskeie organisasies in die gemeenskap wat daarmee gemoeid is soos bv. die F.A.K., die Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Rapportryers, die Noodhulpliga, en dergelike meer. Die groot onderneming kan nie daardie terreine van volkskultuur betree nie en kan slegs indirekte ondersteuning daaraan verleen.

Daar is egter 'n positiewe bydrae wat wel gemaak kan word. Die handhawing van Afrikaans as voertaal en die vestiging van Afrikaans as handelstaal is aspekte wat basies is tot die behoud van die Afrikaner-identiteit. Daarbenewens is die opbou van 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van kardinale belang in die skepping van 'n Afrikanerklimaat in die onderneming. Die breë beleid wat deur die bestuur van die groot onderneming geformuleer word moet getuig van daardie lewens- en wêreldbeskouing. Met inagneming van die vormende invloed wat die groot onderneming op sy werknemers het, is hierdie seker een van die belangrikste bydraes wat van die groot onderneming verwag kan word. Hieroor sal daar later meer gesê word.

Laat ons nou die soeklig laat val op die groot ondernemings en die posisie van die Afrikaner. Dit is alreeds gestel dat die verskynsel om saam te smelt en oor te neem kenmerkend van die sakewêreld is en dat daar 'n tendens bestaan vir steeds groter ondernemings om op die wyse te ontwikkel. Die Afrikaner se plek in hierdie ontwikkeling is nog gering gesien teen die agtergrond van die ekonomie in sy geheel, maar daar bestaan geen twyfel nie dat sy plek voortdurend belangriker word en dat daar vandag in Suid-Afrika van die grootste ondernemings deur die Afrikaner beheer word. Dit is altyd moeilik om skattings te maak van die persentasie van die ekonomie wat deur die Afrikaner beheer word, maar dit wil voorkom of die volgende 'n redelike skatting is van wat deur Afrikaanse sakebelange beheer word:

32% van die handelswese,
16% van die finanswese,
11% van die mynwese, en
10% van die nywerheidswese.

Daar lê dus nog 'n lang pad voor maar sy besit word steeds groter.

Dit is ook besonder moeilik om presies vas te stel hoeveel van die groot ondernemings deur die Afrikaner beheer word maar weer eens is dit interessant om op die volgende te let, naamlik:

> in Julie 1969 was daar 975 ondernemings wat op die Effektebeurs genoteer is, en van hierdie getal wil dit voorkom dat die Afrikaner slegs 75 beheer. Dit verteenwoordig nagenoeg 7.7% van die totaal en wat die markwaarde van totale aandele betref, verteenwoordig dit 9.13%.

Dus, die Afrikaner beheer 'n klein gedeelte, maar sover dit die markwaarde van aandele betref, wat op die Effektebeurs genoteer word, het die Afrikaner se besit in een jaar met 97.7% vermeerder. Dit toon 'n geweldige groeitempo maar gesien in die geheel is die besit relatief klein.

Nywerheidsontwikkeling en die suksesvolle toetrede van die Afrikaner tot die sakewêreld het vir die Afrikaner-volkskultuur belangrike implikasies, naamlik:

1. Die verstedeliking van die Afrikaner oor die afgelope dertig jaar het in vele opsigte gepaard gegaan met kulturele verandering. Vir die Afrikaner veral het die bevolkingsverskuiwing na die stad verreikende implikasies. In 1921 was slegs 59.6% van die bevolking in stedelike gebiede gewees en in 1960 het dit na 83.6% verhoog. Met die ontvolking van die platteland was dit veral die Afrikaner wat geraak is, en wat na die stadsgebiede verhuis het. Die behoud van 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing is besonder moeilik in die kosmopolitiese gebiede waar uit die aard van die Afrikaner se ekonomiese posisie, hy werknemer en nie werkgewer is nie. Sodoende kan hy genoodsaak word om die houdings en opinies van 'n anderstalige werkgewer te aanvaar, veral as hy arbeidsekuriteit verlang. Hierdie verskynsel lei beslis tot 'n vermindering van volksgebondenheid en dit lê ten grondslae van baie van die kulturele probleme wat die Afrikaner

tref, asook die voortbestaan van Afrikaans as handelsvoertaal. Hierdie situasie staan natuurlik direk in verband met die Afrikaner se besit van die ekonomie, en die feit dat die oorgrote meerderheid van Afrikaners in sakeondernemings, groot en klein, werk wat deur anderstaliges beheer word. Gepaard hiermee gaan die sosiologiese probleme van inskakeling by 'n gemeenskap wat 'n groot mate van heterogeniteit inhou.

2. In die groot onderneming self is daar min geleentheid vir kulturele aktiwiteite maar daar bestaan tog 'n verbintenis daarmee. In die organisasie waaraan ek verbonde is, glo ons dat die produktiewe werknemer die persoon is wat in alle opsigte goed ontwikkel is, en nie noodwendig die persoon wat die nodige vaardighede aangeleer het om sy taak uit te voer nie. Dit impliseer dat opleidingsprogramme veel verder gaan as net die ontwikkeling van vaardighede en behels ook opleiding in rigtings wat poog om hom 'n nuttige lid van die gemeenskap en 'n burger van die land te maak. Aandag word in 'n sekere mate aan kulturele aktiwiteite en die aanleer van die betekenis van arbeid adel, gegee. Daar word gepoog om 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing op te bou en om die individu bewus te maak van sy verbintenis met 'n sakeonderneming wat ook gemeenskapsverantwoordelikhede dra.

3. Sommige Afrikaner-ondernemings, soos bv. Rembrandt, het alreeds daarin geslaag om sy „brood op die water te werp" en het veel gedoen ter bevordering van kulturele aangeleenthede. In hierdie opsig kan daar net verwys word na die ondersteuning wat kuns, musiek, sport, en natuurbewaring geniet, en dit vestig waar eens aandag daarop dat die groot sakeonderneming nie net ekonomiese doelwitte nastrewe nie, maar ook gemeenskaps- en kulturele verpligtinge nakom.

4. In die opbou van die Afrikaner se aandeel in die ekonomie en die skepping van groot Afrikaner-sakeondernemings vind samesmelting met anderstalige ondernemings plaas. Hierdie verskynsel het uit verskillende oorde al heelwat kritiek verduur omdat daar gemeen is dat dit moontlik tot 'n afwateringsproses kan lei en die Afrikaanse sakeonderneming sy Afrikaanse identiteit sal ontneem. Dink net bv. terug aan

die Federale Mynbou — General Mining-samesmelting en die bedenkinge wat destyds geheers het oor die toekoms van dié Afrikaanse onderneming. Deesdae is daar heelwat meer soortgelyke verskynsels soos die Wesco Beleggings — McCarthy Main Holdings-koppeling, die gesamentlike Sanlam — Schlesinger oornames, van 20th Century-Fox, en andere. Die vraag ontstaan voortdurend of dit in belang is van die Afrikaner-ekonomie en of dit nie tot 'n verbrokkeling van die Afrikaner se identiteit en meer direk van die Afrikaner se volkskultuur sal lei nie. Om 'n antwoord daarop te vind moet dit eers in gedagte gehou word dat van die ekonomie in sy geheel die Afrikaner ongeveer 'n 25%-beheer het. Nou ontstaan die vraag of hierdie 25% inherent sterk genoeg is en genoegsame verskeidenheid inhou om op sigself daarvoor te sorg dat die Afrikaner se totale besit vermeerder kan word sonder om buite dié Afrikaner-sfeer te beweeg. So ver dit my aangaan kan dit nie gebeur nie en die Afrikaner-sakeman is genoodsaak om buite sy eie kring te gaan om sy sakeonderneming uit te bou. Myns insiens bestaan daar vandag geen bewyse dat die Afrikaanse sakeondernemings hul identiteit verloor het, en 'n afwateringsproses ondergaan het nie. Inteendeel, in die sakewêreld is daar vandag 'n baie meer positiewe benadering teenoor die Afrikaanse sakeonderneming en 'n agting vir die Afrikaner se sakevernuf as wat die geval selfs tien jaar gelede was. In hierdie groot ondernemings is daar bepaald daarin geslaag om Afrikaans as voertaal te vestig en die identiteit van die Afrikaner te behou. Dit lewer betekenisvolle getuienis vir die volksgebondenheid van die groot Afrikanersakeleiers, en alhoewel mens met sommige van hulle kan verskil oor die wyse waarop hulle hul sakebelange behartig, kan hul integriteit en volksgebondenheid nie in die gedrang gebring word nie.

5. Die skepping van Afrikaanse sakeondernemings vereis meer van die Afrikaner-sakeman as in die geval van anderstalige sakemanne. Die Afrikaner-onderneming beweeg in 'n ekonomiese omgewing wat oorwegend deur Engelssprekende ondernemings beheer word. Gevolglik het die Afrikaanse sakeman 'n groter verantwoordelikheid teenoor die volk in die sin dat hy homself moet handhaaf in hierdie omgewing, 'n Afrikaner bly, en sy onderneming as 'n Afrikaanse saak laat voort-

bestaan. Ek glo vas dat hy daarin slaag. Die Afrikaanse Handelsinstituut wat in 1942 gestig is om die Afrikaanse sakebelange saam te snoer en te bevorder, het vandag in een van die belangrikste en toonaangewendste sakeverenigings in Suid-Afrika ontwikkel, en met 'n lidmaatskap van bykans 7,000 sakeondernemings beklee die Handelsinstituut 'n leidende posisie in alle sektore op die ekonomiese gebied.

Hierdie verskynsel bewys dat die Afrikander-sakeman strewe om sy identiteit te behou deur in sy eie volksgroep sy sakebelange te bevorder. Die behoud van identiteit is seker een van die kernbenodigdhede vir die behoud van volkskultuur.

6. Die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is een van die kenmerke van die Afrikaner se identiteit. In die sakewêreld staan die individu nie daarvan los nie en sy gedrag en houdings word daardeur bepaal. Dit is egter opvallend dat daar selfs in die sakewêreld, en veral die internasionale sakewêreld, die verskynsel van humanisme en eksistensialisme voorkom. Die pragmatiese denke oor sake-aangeleenthede, die materialistiese strewe na doeltreffendheid waarin die mens as middelpunt voorkom, en die beklemtoning van die gesag van die menslike rede, is tendense wat waargeneem en herken moet word ten einde te verhoed dat dit in ons eie denkwyse opgeneem word. Die eksistensialisme word in 'n toenemende mate opgeneem in bestuursdenke en word voorgehou as die filosofiese plan wat die naaste aan die realiteit staan. Dit vernietig die bestaande norme van etiese gedrag wat deur die Woord van God, die gemeenskap, en die sakeonderneming daargestel word, en aanvaar die ongebonde vrye wil van die individu. Die individu doen slegs aan homself verantwoording vir sy optrede; hy is outonoom en vry.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie denkrigtings feitlik enige volkskultuur kan verbrokkel, en gevolglik kan die behoud van die Afrikaanse volkskultuur slegs verseker word indien daar heelwat meer aandag aan die etiese vraagstukke van die sakewêreld gegee word deur die toepassing van Calvinisties gefundeerde beginsels. In die opleiding van die jong sakemanne en die vorming van die bedryfsleiers van die toekoms behoort hierdie benadering besondere aandag te geniet.

Ten slotte kan die posisie dus as volk saamgevat word, naamlik:

1. Die groot sakeonderneming het 'n belangrike vormende invloed op die individu en sal in die toekoms 'n toenemende belangrike rol in die sosio-ekonomiese omgewing speel.

2. Die aantal Afrikaanse groot ondernemings is nog min in getal en verteenwoordig 'n relatief klein persentasie van die totaal. Die oorgrote meerderheid Afrikaner-werknemers is in ondernemings werksaam wat deur anderstaliges beheer word. Hierdie verskynsel asook die kosmopolitiese aard van die stede bring aanpassingsprobleme en kultuurproblematiek na vore.

3. In die groot onderneming vind die individu deur sosiale interaksie die geleentheid om die houdings en gedragswyse van sy meerderes na te boots. Hierdie proses van nabootsing kan volksgebondenheid beïnvloed in sakeondernemings wat deur anderstaliges beheer word.

4. Die aard van die aktiwiteit in die groot onderneming gee slegs 'n beperkte geleentheid vir die handhawing van die Afrikaanse Volkskultuur. In hierdie opsig is die handhawing van Afrikaans as handelsvoertaal 'n dringende vereiste vir die behoud van Afrikaner-identiteit.

5. Die Afrikaner se besit van die ekonomie en van die groot sakeonderneming is relatief klein, maar toon 'n gesonde groeitempo en Afrikaanse sakeondernemings betree vandag alle sektore in die ekonomie.

6. Die verskynsel van samestellings en oornames van anderstalige ondernemings deur groot Afrikaanse sakeondernemings hou nie noodwendig enige gevare in vir die behoud van Afrikaner-identiteit nie. Inteendeel, die agting vir Afrikaanse sakeondernemings het aansienlik vermeerder in die afgelope jaar.

7. Die behoud van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is dringend noodsaaklik in bestuursdenke en die benadering van sake-aangeleenthede. Dit moet 'n geïntegreerde deel uitmaak van bestuursopleiding en ontwikkeling. Daar moet gewaak word teen die invloed van humanisme en eksistensialisme.

8. Die groot onderneming en die toekoms van die Afrikaanse volkskultuur gaan bepaal word deur —

(a) die versnelde tempo waarteen die Afrikaner 'n groter persentasie van die ekonomie kan beheer;
(b) die vestiging van Afrikaans as handelsvoertaal; en
(c) die mate waarin daar in die onderneming geslaag word om 'n klimaat te skep vir opleiding en ontwikkeling van die individu in sy geheel met inagneming van sy kulturele herkoms.

F. P. Jacobsz.

Hoofbestuurder, Unie Staalkorporasie (van S.A.) Bpk.